Oktober 2019

# Stellenberger

## Ons vier die seisoen van groei

Deur: ds. Marius Breytenbach



Om bevind ons nou in 'n tyd waar lente in somer oorgaan. Dit is die seisoene waarin ons nuwe groei in die natuur rondom ons beleef. GROEI is dan ook ons fokusarea vir die laaste paar Sondae van koninkrykstyd, voor die Kersseisoen begin. Ons GROEI, nader aan God en mekaar, sodat ons as gelowiges 'n verskil in die wêreld om ons kan maak.

Ons eredienste tydens ons fokus op groei, oorvleuel met die herdenking van die Reformasie, waarin die klem val op die wyse waarop die Heilige Gees ons voortdurend deur die lees en bestudering van die Bybel en in ons gesprekke met mekaar, tot geestelike verdieping lei.

Oktobermaand lei ook ons tiendemaand-dankofferfees in. Ons vier hiermee die gawe van 'n geloofsgemeenskap en die verantwoordelikheid om daarbinne vir mekaar en ander om te gee.

Ons doen dit alles in drie gesamentlike dienste waartydens ons die kosbaarheid van saamwees in Stellenberg-gemeente kan beleef. Woon ons Sondagdienste by en ervaar saam met ander gelowiges die seën wat ons ontvang deur te groei.

**Ons GROEI**
**nader aan God en mekaar om 'n verskil in die wêreld te maak**

Tydens die derde kwartaal se koninkrykstyd het **ons gestreef** om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense heen uit te reik, in ooreenstemming met Stellenberg se gemeentebelydenis. Tydens koninkrykstyd in die vierde kwartaal verskuif die fokus dan na **ons leef** as getuies en volgelinge van Christus.

In die vierde kwartaal val die klem dus op die praktiese aspekte van 'n lewe in God se koninkryk:

- Ons GROEI nader aan God. Praktiese toewyding om geestelik te kan groei (ons bid, lees, oordink en praat).
- Ons GROEI nader aan mekaar. Praktiese toewyding om ons fokus op ander se behoeftes en nood te plaas (ons help, ondersteun).
- Ons GROEI om betekenisvolle lewens te lei (ons wil ons voortdurend vernuwe sodat ons 'n verskil kan maak).

# Annibrand Junior(kategese) brand met 'n nuwe vlam

Deur: ds. Hanno Ackerman (jeugleraar)

Lidmate en hul kinders leef in 'n wêreld wat baie vinnig en voortdurend verander. Sisteme wat vyf tot tien jaar gelede goed gewerk het, raak vinnig uitgedien. Daarom is dit belangrik dat die kerk en ook kategesesisteme tred hou met veranderde omstandighede, maar dat die behoeftes van lidmate ook terselfdertyd in ag geneem word.

In die lig van bogenoemde het die jeugbediening besluit dat die tyd vir die hersiening en vernuwing van ons kategesesisteem en gepaardgaande oggenddienste aangebreek het. Ons het tans 'n familiediens wat Sondagoggende om 09:00 in die kleinsaal aangebied word en wat deur gesinne met laerskool- en voorskoolse kinders bygewoon word. Gelyklopend met die familiediens word 'n oggenddiens ook in die kerk aangebied. Die twee eredienste het eiesoortige style, maar ons wil graag verseker dat alle kerkgangers wel dieselfde vlak van geestelike belewenis in beide eredienste ervaar.

Volgens literatuur kan die gemiddelde 10-jarige kind vir tussen 20 tot 50 minute aaneenlopend konsentreer. My vermoede is dat die gemiddelde 10-jarige se aaneenlopende aandagspan nader aan 20 minute as aan 50 minute lê. Nou ontstaan die vraag – hoe kan 'n mens kinders sinvol by 'n erediens en 'n kategese-byeenkoms betrek?

Die jeugbediening het na heelwat beraadslaging 'n nuwe formaat vir ons kategesegroepe bedink en ons wil dit graag op die Sondae van 10, 17 en 24 November beproef.

Ons vertrou dat die nuwe formaat enersyds meer kindervriendelik sal wees en aan gesinne die geleentheid sal bied om 'n gesamentlike geestelike belewenis tydens die eredienste te ervaar, maar dat dit andersyds ook die ruimte vir volwasse lidmate sal skep sodat hulle ook 'n dieper geestelike ervaring tydens eredienste kan beleef. Die praktiese reëlings is soos volg:

ANNIBRAND
dat elkeen Jesus sal ken en saam 'n verskil sal maak

- **Eredienste:** Albei die oggenddienste om 09:00 skop af met 'n kindergreep van ongeveer 20 minute. Kinders kan in dié tydgleuf die erediens op hulle eie vlak beleef deurdat die prediker 'n toepaslike boodskap gerig op die kinders en hul gesinne lewer en die kinders sal ook deelneem aan die samesang. Na die kindergreep verlaat die kinders die erediens en kan die prediker op volwasse lidmate se geestelike behoeftes fokus.

- **Annibrand Junior (Kategese):** Ons verwys voorts na kinders vanaf graad 1 tot 6 as Annibrand Junior. Na afloop van die kinderdiens sal kinders die erediens saam met lede van die Hallo-span en hulle groepleiers verlaat en die verskillende graadgroepe sal in bepaalde lokale byeenkom.

Vervolg op bladsy 3 . . .

. . . Vervolg vanaf bladsy 2

Nadat die graadgroepe in hulle onderskeie lokale nesgeskop het, word die kleingroepe op 'n interaktiewe en deelnemende basis deur kleingroepleiers aangebied. Annibrand Juniorgroepe sal teen 10:20 afgehandel wees. Ouers het dus na die erediens nog geleentheid vir saamkuier in die markplein.

- **Lokaalindeling:**

Graad 1: Ou kafeteria

Graad 2 en 3: Jeuglokaal

Graad 4, 5 en 6: Grootsaal

Geen plan of sisteem kan egter sonder lidmate se hulp en ondersteuning suksesvol geïmplementeer word nie. Ons wil graag meer kategeseleiers, wat 'n onmisbare rol in die sukses van die Annibrand-kleingroepe speel, werf. Sodoende kan leiers roteer en het hulle die geleentheid om elke tweede of derde Sondag 'n volle erediens by te woon. Raak asseblief betrokke. Bied 'n uur van jou tyd elke tweede, of derde Sondag aan – dit is 'n belegging in 'n kind se geloofspad. Ons wil die Annibrandvlam net hoër en hoër laat brand –sodat almal Jesus sal ken en saam 'n verskil sal maak. Kontak asb. die jeugkantoor by sunet@stellenberg.co.za om jou hulp aan te bied, of met voorstelle.

# Ontmoet een van ons feesmarkuitstallers



Marvellous Mushoriwa is 'n boorling van Zimbabwe, maar hy woon reeds die afgelope vyf jaar in Suid-Afrika. Hy is eintlik 'n tuinwerker, maar nadat hy iemand dopgehou het wat diere en ornamente uit krale en draad maak, het hy besluit om self sy hand aan dié kunsvorm te slaan.

Marvellous werk een dag per week in die kerk se tuin en dit is waar Marilize Verreyne en Adri du Randt, feesmarkorganiseerders, van sy handewerk te hore gekom het. Hy het nie geld om materiaal aan te koop nie, maar Marilize en Adri het met hom ooreengekom om vir hom geld waarmee hy draad en krale kan aankoop, voor te skiet. Na afloop van die mark sal hy die geld terugbetaal.

Dit neem hom ongeveer vier ure om 'n akkedis soos op die foto te maak en hy werk vyf ure aan 'n groot olifantkop. Sedert hy vir die feesmark gekeur is, werk hy ononderbroke om voorraad vir die mark op te bou. Wees op die uitkyk vir Marvellous se stalletjie by die feesmark.

# Woensdag 23 Oktober is feesmarktyd!

Op Woensdag 23 Oktober om 10:00 word die feesmarkdeure wawyd oopgegooi en besoekers ingenooi. Maak asseblief seker dat jy nie die feesgeleentheid misloop nie en nooi jou vriende en familie om ook te kom saamkuier.
Hier is alles wat jy omtrent die 2019-feesmark moet weet:

- Inkopietye en restauranture: Maandag tot Vrydag 10:00 tot 20:00 en Saterdag 09:00 tot 18:00. Sondae is die mark gesluit.
- Krediet-, debiet- en Kaapse Verbruikerskaarte word aanvaar.
- Rolstoele is beskikbaar – vra asseblief daarvoor by ontvangs.
- Parkering is gratis.
- Die feesmark is vanaf die ingang tot eindpunt 'n hele kilometer lank. Indien jy 'n treëteller-armband of -horlosie besit, kan jy dit gerus dra wanneer jy diemark besoek en sommer so tussen die inkopies deur 'n bietjie oefening ook kry.
- Die restaurant bedien daagliks die volgende etes: afval en gekookte etes, vars gebakte pasteie, quiche, burgers, roosterkoeke, schnitzels, wraps, vis-en-skyfies en vetkoek. Vir diegene met 'n soettand sal daar pannekoek, melktert, koek en suurlemoenmeringuetert te koop wees.
- Vars mengeldrankies wat uit groente gemaak word, is ook te koop. Jy kan self besluit of jy jou mengeldrankie met vodka of *gin*, of daarsonder, wil geniet.



- *Skin Clay Products* bedryf 'n skoonheidsalon op die feesmarkperseel. Verskeie behandelings is beskikbaar. Bespreek gerus vir die behandeling van jou keuse by hulle stalletjie in die gang voor die kleinsaal.
- Daar sal tydens die feesmark daagliks geleentheid wees om bloed te skenk by die bloedskenkambulans. Skenkers ontvang daarna 'n gratis koppie koffie of tee by die feesmarkrestaurant.
- MJ Brooks, een van ons talentvolle lidmate, sal al om die ander aand by die restaurant optree en die gehoor met sy bekende treffers op klawerbord en trekklavier trakteer.
- Die tuinafdeling het heelwat vergroot en is 'n besoek werd.

Ons vertrou dat die feesmark vir ons besoekers, maar ook vir ons uitstallers 'n baie positiewe belewenis sal wees en dat al die gewoel en gewerskaf daagliks tot eer van sy koninkryk sal plaasvind.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# ’n Bederfsakkie vir boervrouens




“Ek was self 30 jaar lank ’n boervrou in die Vosburg-distrik en ek weet uit eerstehandse ervaring hoe ’n droogte jou gees kan verniel. My seun boer nou op ons familieplaas in Vosburg en as gevolg van my kontak met hom, voel dit vir my asof ek die droogte weer regstreeks beleef,” vertel Marilize Möller, feesmarkorganiseerder. “Dit is die langste droogte wat die Vosburgdistrik die afgelope 60 jaar beleef het en ek is diep bekommerd oor die boeregemeenskap en wat hulle deurmaak.

“Ek het ’n opregte begeerte ontwikkel om iets vir die boervrouens te doen. Ek onthou hoe moeilik dit in sulke tye vir my as boervrou was om positief te probeer bly en ook my oorlede man deurgaans te ondersteun. Die gedagte van ’n lekker bederfsakkie met ’n mengelmoes geskenkies vir elke boervrou, het by my opgekom. Ek het van ons feesmarkuitstallers genader en soos ons die vrygewige en diensbare groep mense ken, het heelwat uitstallers van hulle voorraad vir die presentpakkies geskenk. Sommer gou-gou kon ons ’n heerlike geskenksak, met ’n groot verskeidenheid produkte, saamstel.

“Ek hoop dat die geskenksak vir elke boervrou soos ’n liefderyke en ondersteunende omhelsing sal voel wanneer sy dit ontvang en dat dit hulle opnuut sal herinner aan ons volgehoue ondersteuning en gebede.”

# From boys to men



Ds. Why Duvenhage, dr. Braam Hanekom, Sentrum vir Publieke Getuienis en ds. Johannes Mouton, NG Kerk Table View ontmoet leraars van die Kaapse Vlakte. "Die leraars het hulle uitdagings rakende bendegeweld en die gebrek aan positiewe rolmodelle in areas soos Mitchell's Plain en Mannenberg met ons gedeel," vertel ds. Why Duvenhage. "Ons het besluit om self in die gemeenskappe betrokke te raak deur 'n reeks kampe vir jong seuns by Apostel Battery, Llandudno, aan te bied. Ons wil tydens die kampe op die vestiging van waardes fokus en positiewe rolmodelle aan die seuns bekendstel. Die reeks kampe sal as from boys to men bekend staan.

# Dalk was sy tog geseënd

Deur: dr. Christo Benade*



Ek het vanoggend vir Yolanda (28/12/1977-21/09/2019) begrawe. Dit was moeiliker as gewoonlik. Want sien, Yolanda was een van die onsigbares in ons wêreld. Een van mense wat op die rand van ons samelewing geleef het, min het haar, haar behoeftes en haar drome geken.

Yolanda is gebore uit die liefde van ’n pa en ma wat haar sekerlik met groot opgewondenheid in die lewe ontvang het. Op twee was sy ’n pragtige klein dogtertjie met ’n vonkel in die oog. Gou het haar lewe ’n ander pad begin loop. Sy val eers in ’n swembad en doen breinskade op. Die breinskade was van ’n ligte graad, maar vertraag haar intellektuele ontwikkeling en veroorsaak dat haar gesigvorm ook verander.

Haar ouers kon later nie meer vir haar sorg nie en sy woon vir jare tussen ander familielede. Veel meer weet ek nie. Ek leer haar sewe jaar gelede ken as een van ons gemeente se lidmate. Sondag na Sondag sien ek haar daar op die galery van ons kerkgebou – alleen. Na die diens kom drink sy tee – alleen.

In die week sien ek haar stap op straat – alleen, altyd doelgerig. Soms stoot sy ’n waentjie met kinders wat sy oppas. Op ’n ander keer vertel sy vir my sy pas nou vir "Oupatjie" op. Ek kon nooit uitvind wie "Oupatjie" is nie. Na "Oupatjie" se dood doen sy "carwatch". Dit betaal nie goed nie, maar dis darem iets, sy kla nie.

Sien, sy het nooit gekla nie, sy het nooit iets gevra nie. As jy haar help met iets en sy het twee, dan bring sy een terug. Die gevolge van die "carwatch" kon ’n mens op haar gesig sien, blootgestel aan die son en die elemente.

So ’n jaar of wat gelede vertel sy dat sy kanker het, ’n gewas aan haar nek. Eers na Helderberg Hospitaal, later Tygerberg. Sy moet chemoterapie (kiemo soos sy gesê het) kry. Later sal ek hoor dat sy elke keer as sy “kiemo” moet kry, sy die trein om 05:00 vanaf Strandstasie geneem het tot by Bellvillestasie. Vandaar het sy 5 km tot by Tygerberg Hospitaal gestap, chemoterapie ontvang, teruggestap, en weer die trein gehaal. Môre, staan sy weer “carwatch”.

Na die chemo het dit goed gegaan vir ’n ruk, sy het ’n vriend gehad, sy het blyplek in ’n kamer in Gordonsbaai gekry. Sondag na Sondag het sy ’n geleentheid gereël om kerk toe te kom. Alleen.

Toe kom die kanker terug, meer aggressief, meer vernietigend. Weer het die chemoterapie begin. Weer het sy die trein gehaal.

Gestremdheid, om wees te wees, armoede – niks kon haar baasraak nie, maar nou het haar eie liggaam haar begin baasraak. Nooit het sy opgegee nie, tot op die laaste het sy steeds behandeling ondergaan.

Vrydagnag 21 September is sy finaal huis toe. Hemel toe. Waar daar ’n feesmaal is, waar daar ’n Vader is, waar daar vreugde is.

Vervolg op bladsy 7

Vir baie van ons is hierdie lewe alreeds hemel, met baie pret en baie plesier. Daarom stel ons nie veel belang in wat wag nie, want dit kan mos nie regtig beter wees nie. Yolanda moes 42 jaar wag vir haar hemel.

Ek sien hierdie week 'n blink voertuig verby ry met die nommerplaat *blessed.* Ek wonder wat het sy gedink as sy die *blessed* motor moes oppas totdat die kreunende kruidenierswa met meer *blessings* terugkom van die supermark. Yolanda was seker dan nie meer *blessed* nie.

Tog het sy vasgehou aan die hoop wat sy nie kon sien nie. Uitkoms was daar min in haar lewe, maar sy het vasgehou aan haar Vader. Ja, Yolanda was geseënd, geseënd met 'n geloof wat alle verstand te bowe gaan.

**Dr. Christo Benade is 'n leraar by die NG Kerk Suider-Strand. Hy deel dié artikel oor sy verhouding met Yolanda goedgunstiglik met ons lesers. 'n Mens kan net wonder by hoeveel Yolandas ons daagliks verby leef en tog kan ons so baie by hulle leer.*

# Die Bybel vir vandag

Deur: ds. Marius Breytenbach

In Oktober vier ons saam met ander Protestantse kerke regoor die wêreld die Reformasie van 1517, wat 'n omwenteling in hoe ons die Bybel lees en verstaan, teweeg gebring het. Uit die Reformasie het die insig, bekend as *Semper Reformanda,* voortgevloei. Dit beteken dat God in elke nuwe fase van tyd en konteks 're-formasie', of 'her-vorming' van die mens vra. Anders as die vinnig veranderende wêreld waarin ons leef, wat ons gedurig tot aanpassing en verandering dwing, is die bedoeling met *Semper Reformanda* (voortdurende reformasie) eerder dat die Bybel gelowiges opnuut op geestelike verdieping laat fokus, om dan dáárvolgens "nuwe" lewens te lei. Die Reformasie was ook veel meer as net 'n godsdienstige omwenteling. Dit het onder andere ook 'n transformasie in die wetenskap, musiek en onderwys tot stand gebring en was selfs die voorloper van demokrasie.

Hoe lees ons die Bybel vandag? Wat hoor ons van God waar ons elke dag voor uitdagings in ons eie lewe, die kerk en die wêreld te staan kom? Hoe begeester dit ons om elke geleentheid wat oor ons pad kom, aan te gryp en te laat realiseer? Dit is die fokuspunte van die Bybelskoolkursus wat tydens die



vierde kwartaal in die gemeente aangebied word. Ons gaan onder andere besin oor hoe die Bybel tot stand gekom het en hoe dit deur die eeue heen deur gelowiges gelees en verstaan is. Ons sluit die kursus af deur 'n paar uitdagende kwessies waarmee gelowiges vandag te kampe het, te ondersoek. Ons bespreek ook hoe die Here van ons verwag om moeilike situasies te hanteer en hoe 'n mens van die geleenthede wat tog daaruit voortspruit, bewus kan raak.

Die kursus sal op Maandagaande van 28 Oktober tot 25 November vanaf 19:00-20:30 in die kerkgebou deur ds. Marius Breytenbach aangebied word. Mense wat belangstel om dit by te woon, kan vir Karin Barter by die kerkkantoor kontak (021 976 4519/karin@stellenberg.co.za).
Die koste beloop R30 vir notas en verversings.

# Gemeente-almanakke vir 2020

Deur: ds. Marius Breytenbach

Met ons verskerpte fokus op die ekologie en gelowiges se verantwoordelik-heid om die natuur te bewaar en te beskerm, raak dit vir ons toenemend belangrik dat die gemeente ook minder papier gebruik. In die lig van laasgenoemde, die tendens dat al meer lidmate verkies om gemeente-inligting elektronies te ontvang, asook ons strewe om uitgawes so laag as moontlik te hou, beplan ons om vanjaar heelwat minder almanakke te laat druk.

Ons is egter sensitief vir die feit dat veral ons senior lidmate steeds verkies om 'n almanak in gedrukte formaat te ontvang en dat sommiges glad nie toegang tot die internet het nie. Diegene moet asseblief vrymoedigheid neem om een van die gedrukte almanakke te neem. Dit sal tydens die gesamentlike Kerssangdiens in die voorportaal van die kerk, asook by die kerkkantoor beskikbaar wees.

Indien jy nie 'n gedrukte almanak gebruik nie en die elektroniese weergawe verkies, moet asseblief dan nie 'n gedrukte weergawe neem nie – laat dit vir diegene wat dit wel gebruik. Die elektroniese opsie sal teen die begin van November per e-pos aan jou gestuur word en dit sal ook op die gemeente se webwerf beskikbaar wees.

Ons vertrou dat ons met dié werkswyse die natuur, maar veral ook ons lidmate se eiesoortige behoeftes, in ag neem.

# Die heerlike geur van vars gebakte brood



Die bakkery in Vosburg is volstoom aan die gang. Liep Coetzer, 'n plaaslike lid van die gemeenskap wat voltyds by die projek betrokke is, vertel dat die bakkery nou ses dae per week oop is en dat ongeveer 60 tot 80 brode per dag gelewer word.

Die Departement van Arbeid het ook 'n finansiële bydrae tot die projek gemaak wat hulle in staat gestel het om drie mense in diens te neem. Hulle hoop om eersdaags broodrolletjies ook te begin bak en wag op hete kole vir die geskikte broodrolletjiepanne om afgelewer te word.

Die brood smaak blykbaar baie lekker en volgens Liep is lede van die gemeenskap se enigste klagte dat die brood te vinnig opgeëet word.

# Ons matrolbalspan bring die trofee huis toe



Ons matrolbalspan is vanjaar die algehele wenners van die kompetisie waar hulle met ander spanne in die noordelike voorstede meegeding het. Die Stellenbergspan het teen die spanne van aftreeoorde en tehuise vir seniors in die omgewing, hulle slag gewys. Op die foto van links, Janice Rossouw, Corrie Denton, Marita Coetzee en Hettie Hickman ontvang die trofee namens die res van die span. Baie geluk, ons is trots op julle.

# Voorloper in die ekologiekompetisie



Johan van Tonder, regs op die foto, is as die algehele wenner van die gemeente se ekologiekompetisie aangewys. Volgens ds. Why Duvenhage, sameroeper van die kompetisie, het Johan 'n baie volledige en omvattende voorstel ingedien. Sy ekologieplan betrek die hele gemeenskap en verantwoordelikhede word na verskillende rolspelers afgewentel. Retief Loubser en Rina Naudé is as naaswenners aangewys.

"Ons wil nou graag almal wat voorstelle vir die ekologiekompetisie ingedien het, in 'n werkgroep byeenbring," sê Why. "Ons wil dan saam besin hoe ons al die voorstelle wat ons ontvang het, stap vir stap kan begin implementeer."

Johan sê dat hy die stamplant van die spekboomfamilie, wat hy as wenprys ontvang het, in Heroldsbaai gaan plant.

# Tiendemaandinsameling 2019

Deur: ds. Callie Visagie

Die vierde kwartaal is sinoniem met die feesmark en die gemeente se jaarlikse tiendemaandinsameling. In dié tyd vra ons lidmate om uit dankbaarheid iets ekstra vir gemeentewerk te gee. Ons mikpunt vir hierdie jaar is R1 850 000.

Lidmate wat aan die insameling deelneem deur 'n bydrae te maak, ontvang elkeen in ruil 'n dankie-sê-geskenkie in die vorm van 'n Haworthia-plantjie, of beter bekend in die volksmond as 'n tarentaaltjie of die zebraplant. Die Kweek-vir-die-Here-span het die plantjies sedert Januariemaand vir die doel gekweek. Dié vetplant met sy eiesoortige gestreepte blare is inheems aan Suid-Afrika en deel van die aalwynfamilie. Dit is 'n kleiner plantjie met 'n wit blommetjie en vaar goed in potte.

Bring asseblief op Sondag 27 Oktober jou bewys van betaling, of 'n kontantbydrae in 'n koevert, saam na die gesamentlike erediens sodat jy 'n plantjie in ontvangs kan neem. Elektroniese oorbetalings kan gedoen word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik tiendemaand as verwysing.

Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. Fil. 4:18



# Terugvoer van die Sinode

**Vergadering van die Algemene Sinode 2019 in Benoni:**

Die volledige besluite is op Kerkbode se webblad beskikbaar.

**1. Ruimte en eenheid:** die besluit wat aanvaar is, bied ruimte vir verskillende standpunte oor selfdegeslagverhoudings. Kerkrade en gemeentes het die reg ontvang om self te besluit watter standpunt hulle hieroor wil neem. Die besluit bevestig dat die eenheid van die kerk gefundeer is in die eenheid met Christus en die belydenisskrifte. Dié eenheid verbrokkel nie as daar verskille oor die hantering en uitleg van die Bybel is nie.

**2. Stellenberg se standpunt en besluite:** die gemeente se besluite oor selfdegeslagverhoudings is dus volkome in lyn met die Algemene Sinode se standpunt dat ruimte vir gemeentes en kerkrade gelaat word om hul eie besluite oor dié saak te neem.

**3. Aanvaar en vier die diversiteit:** Die hoop is vanuit die Sinode uitgespreek dat die kerk en gemeentes die strydbyl sal neerlê en liewer verskillende standpunte sal respekteer. Diversiteit (soos in baie huisgesinne en uitgebreide families voorkom) en verskillende standpunte mag lyk soos 'n verleentheid, maar dit is eerder 'n gawe en moet gevier word.